

STIL LEWE EN KOS FOTOGRAFIE

Sylvia Ida Duminy

Voorlegging van gedeeltelike inagneming van die vereistes
van die Nasionale Diploma Fotografie

Departement Fotografie
Technikon Vrystaat

November 1998



FOTO: Sylvia Duminy

THIS BOOK IS
THE PROPERTY
OF THE
TECHNIKON
FREE STATE

TECHNIKON
VRYSTAAT/FREE STATE

OPSOMMING

Die eerste hoofstuk handel oor die kamera en film wat die kwaliteit van enige kos fotografie positief of negatief kan beïnvloed. Dit sluit ook 'n kort beskrywing in van die funksies van die 4 x 5 kamera, sowel as 'n verskeidenheid van films wat deur professionele fotografe gebruik word. Robert Dodds, 'n kenner in kos fotografie se mening en metodes van fotografie word uitgelig in die tweede hoofstuk. Die hoofinhoud van hierdie skripsie (hoofstuk 3) handel oor hoe te werk gegaan moet word om aan die hoof vereistes van kos fotografie te voldoen, deur die gebruik van produkte, spesifieke vereistes, beplanning, toetsing, natuurlike lig en die skepping van atmosfeer. Die skripsie se laaste deel handel oor die outeur se foto's en 'n verduideliking daarvan.

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding
2. HOOFSTUK EEN
 - 2.1. Verduideliking van kamera en film bl.3
3. HOOFSTUK TWEE
 - 3.1. 'n Kenner se mening en metodes bl.5
4. HOOFSTUK DRIE
 - 4.1. Vereistes van kosfotografie
 - 4.1.1. Produkte bl.8
 - 4.1.2. Spesifieke vereistes bl.9
 - 4.1.3. Vooraf beplanning bl.10
 - 4.1.4. Toetsing vooraf bl.11
 - 4.1.5. Skepping van atmosfeer bl.12
 - 4.1.6. Lig en omgewing bl.14
5. HOOFSTUK VIER
 - 5.1. Foto's en verduideliking van outeur se beelde bl.15

~~~~~

## LYS VAN SKETSE EN FOTO'S

1. ROBERT DODDS: KOS FOTOGRAAF - LOS ANGELES
  - a. Voorbeeld bl.7
  - b. Voorbeeld bl.61
  
2. JOHN HEDGE COE'S: PROFESSIONELE FOTOGRAAF
  - a. Groente stil lewe bl.66
  - b. Seekos stil lewe bl.63
  - c. Suurlemoen stil lewe bl.65
  
3. SETH JOEL: STIL LEWE FOTOGRAAF
  - a. Kos in natuurlike atmosfeer bl.64
  - b. Skep van atmosfeer bl.67

Sketse is by die verduideliking en beskrywing van die outeur se  
foto's

~~~~~

1. INLEIDING

Die doel met hierdie skripsie van stil lewe kos fotografie was om fotografie as voorwerp te bespreek en spesifiek te konsentreer op foto's wat die sintuie stimuleer en aktiveer.

In fotografie is kommunikasie baie belangrik. Die fotograaf poog om 'n kommunikasie vlak te kry tussen die onderwerp en die toeskouer, om sodoende die toeskouer te boei.

Enige kos fotograaf moet reeds 'n beeld in sy kop hê, waarvolgens hy of sy handel.

Daar bestaan 'n baie groot mark vir kos fotografie, maar dit is nie altyd 'n maklike gebied van fotografie nie. Die voedsel wat afgeneem word moet altyd aangenaam en aanloklik wees, kwaliteit speel 'n baie groot rol. Dit is dus die hoofdoel van kos fotografie, dat dit so aanloklik moontlik op die bord vir die toeskouer moet wees.

Dit is ook baie belangrik dat die kos fotograaf altyd op datum moet wees met die nuutste verwickelinge, tegnologie en style.

Om kos fotografie suksesvol te maak moet die fotograaf aan sekere tegnieke, sowel as vereistes, voldoen en dit kan tot voordeel wees van die eindproduk.

Die bystand en ondersteuning van 'n span voedsel styleerders en "prop" styleerders kan tot voordeel wees vir die fotograaf en die finale produk drasties beïnvloed.

Kos fotograwe is ook baie gebind in sekere tye van die jaar, met ander woorde, die fotograaf moet in gedagte hou dat sekere voedsel net in sekere tye van die jaar geëet of verkrygbaar is.

Kos fotografie is dus nie 'n maklike uitweg vir fotograwe om vinnig geld te verdien nie, maar neem baie tyd, beplanning en kreatiewe denke om van kos fotografie 'n sukses te maak.

HOOFSTUK EEN

Kamera en Film

Die meeste kos fotografe dwars oor die wêreld stem saam dat daar net een kamera is wat die kwaliteit en tekstuur van voedsel vasvang, en dit is die 4 x 5 formaat kamera.

Die kwaliteit wat die kamera lewer is onverbeterlik en omdat die kamera baie groot is en verskillende funksies verrig, bestee fotografe baie tyd aan die komposisie van die voedsel sowel as die voorkoms daarvan. Omdat die kamera so besondere hoeveelheid “detail” optel, moet alles presies reg wees.

Een van die funksies van die 4 x 5 kamera is dat ‘n verskeidenheid van bewegings het. Dit kan gebruik word om foute soos distorsie en fokus te bepaal en dit kan reg gestel word sonder om die voorwerp te beweeg.

Die 4 x 5 kamera is ‘n dinamiese kamera wat net die regte verstandhouding nodig het. Dit is noodsaaklik dat die fotograaf die kamera goed ken.

As fotografe buite in natuurlike omstandighede afneem maak kos fotografe gebruik van ‘n 35mm kamera omdat dit baie meer beweegbaar is. Daar is ook ander kameras wat gebruik kan word wanneer daar in natuurlike omstandighede afgeneem word. Dit is die 6 x 4.5 medium formaat kamera. Die kamera het baie kenmerke van ‘n 35mm kamera, waarvan die hoofkenmerk die beweegbaarheid is. Die kamera het ‘n groot aantal lense, “viewfinders” en film “backs”. Hierdie kamera maak gebruik van rol film of 120mm film, wat beter kwaliteit het as die 35mm kamera, maar glad nie by die kwaliteit van die 4 x 5 kamera kom nie.



As kos wel afgeneem word met 'n 35mm kamera, is die kwaliteit in foto's onvergelykbaar. Dit is tog moontlik om goeie kwaliteit 35mm beelde te kry deur gebruik te maak van die regte tipe film. Die beste film wat ek gevind het vir my, is Agfa se 50 ASA Ultra film. Hierdie film gee 'n verskriklike mooi kontras in voedsel kleure, veral as dit in natuurlike lig afgeneem word.

'n Tegniek wat ek gevind het die beste werk, is as daar in redelike skerp lig afgeneem word en die neagatief onderbelig word, deur nie die korrekte liglesing te vat nie, maar elke keer die liglesing net onder die regte een te vat. Nog 'n tegniek wat werk is deur nie die film spoed op kamera te verander nie, dus die kamera spoed op 100 ASA te hou en dan die film te ontwikkel op 50 ASA soos die film is. So verkry jy baie goeie kleur en grein kwaliteit.

In verband met die 4 x 5 kamera word daar altyd eerste deur die professionele kos fotografe 'n polaroid afdruk gemaak om sodoende te kyk dat alles reg belig word. Die beste film wat hiervoor gebruik word is swart en wit polaroid film (tipe 52) wat al die skaduwees sowel as skerp beligte areas se "detail" baie goed uitlig.

Die kleur film wat vir die 4 x 5 kamera gebruik word, wissel van fotograaf tot fotograaf. Die films wat ek gevind en gesien het, wat die beste en meeste gebruik word is soos volg:

- ❖ Agfa Optima 100 ASA
- ❖ Fuji Velvia
- ❖ Fuji RTP 64 ASA
- ❖ Fuji RDP 100 ASA
- ❖ Kodak Ektachrome 64 ASA (daglig)
- ❖ Kodak Ektachrome EPP 100 ASA
- ❖ Kodak Ektachrome EPY 64 ASA

Die film moet pas by die tipe voedsel wat die fotograaf wil afneem en die atmosfeer wat die fotograaf wil skep. Byvoorbeeld sekere films bring die helder kleure uit, terwyl ander films weer die koue kleure uit bring.



Die film sowel as die kamera beskou ek as die belangrikste toerusting van enige goeie kos fotograaf en kan dus die eindproduk positief beïnvloed, maar fotograawe moet ook nou daarteen waak om nie te veel agter tegnologie aan te wees en dan foto as geheelbeeld afskeep nie.

~~~~~

## HOOFSTUK TWEE

### 'n Kenner se Menings en Metodes

Kenners se mening in enige veld van fotografie is baie belangrik, omdat die professionele fotograaf al lankal in die gebied is en baie ondervinding het. Daarom het ek 'n kenner se mening gevra oor kos fotografie.

As gevolg van 'n tekort van inligting op hierdie gebied van fotografie het ek op die Internet in gegaan en kontak gemaak met 'n professionele kos fotograaf, Mnr. Robert Dodds van Los Angeles, Kalifornië in die Verenigde State van Amerika (sien oorspronklike in appendix).

Ek het aan hom 'n e-pos gestuur en hom vertel dat ek 'n derde jaar fotografie student is en dat ek 'n tesis doen oor kos fotografie, en dat ek ook graag wil weet van watter tegnieke, kameras, films, ensovoorts hy gebruik maak om sy foto's suksesvol te neem.

Hy het terug gekorrespondeer en my ingelig oor sekere van sy geheime.

Hy gebruik omtrent altyd 'n 4 x 5 formaat kamera met Tungsten beligting en Fuji RTP 64 ASA film. Hy sê ook dat "flitsbuis" (strobe) baie moeilik is om te beheer in 'n klein area soos byvoorbeeld, 'n bord of 'n gedekte tafel. Hy gebruik flitsbuis vir roomys. Vir meeste "shoots" gebruik hy een 1000 watt "baby" tungsten lig met baie lae lig diffusie, hulle noem dit = 114 en somtyds gebruik hy lig deur 'n yskors. Hy gebruik altyd 'n goue gel voor die lig (Roscoe Gold). Kos moet altyd warm en aantreklik wees sê hy. Soms gebruik hy 'n 18 x 24 "cello cookie" dit is 'n "cucaloris" van hout, behalwe dat dit gemaak is van skerm en geverf is met deurskynende "varithane shellac" produk en dan uitgebrand word in kolle met 'n blaas tang. Hy plaas dit dan voor

die lig naby die kos en dit gooi dan die lig in 'n gespikkelde wyse wat dit 'n sagte effek gee. Teenoor die lig plaas hy dan wit skerms wat hy ook soms met Roscoe Gold oortrek sodat dit dieselfde lig weerkaats as die lig. As hy 'n baie warm middag lig wil hê, maak hy gebruik van twee lae goue gel. Hy belig ook nooit van bo af nie, hy belig altyd om skaduwees te vorm, om sodoende ook diepte te vorm.

Die afdrucke is altyd vir hom 'n teleurstelling - hoe slegter die papier, hoe groter die teleurstelling. Hoe meer "fill in flash" hoe "flatter" die beeld, maar dit moet gedoen word om te verhoed dat die skaduwees te veel van 'n probleem word. As hy koerant foto's doen het hy baie "fill" nodig, minder vir tydskrifte en voedsel houers. As jy weet waarheen jy gaan met jou beeld kan jy jou "fill" beplan, sê Robert Dodds. Hy sê as jy ooit 'n televisie advertensie op film moet neem het jy baie minder "fill" nodig.

Hy gebruik altyd kos styleerders, soms twee. Hy sê jy moet georganiseer wees en vinnig kan afneem.

(Ekstra voorbeelde in appendix)

~~~~~



FOTO: Robert Dodds

HOOFSTUK DRIE

Produkte

Een van die hoof vereistes van kos fotografie is dat die produkte wat gebruik word van bostaande gehalte moet wees.

Slegs die beste kwaliteit voedsel produkte moet uitgekies word om die perfekte beeld te kan skep en te verkry. Dus moet daar baie tyd spandeer word om die regte produkte uit te soek wat aan hierdie vereistes voldoen.

Nog 'n vereiste wat in ag geneem moet word is die kleur van die produkte. Omdat die hele beeld afhang van die produk is dit baie belangrik dat die kleur van die produk een van die produk se hoorkenmerke moet wees. Nog 'n rede waarom kleur so belangrik is, is omdat die beligting wat soms gebruik word die kleur van die produkte negatief kan beïnvloed, deurdat van die kleur verlore gaan.

Die kombinasie van die produkte is ook belangrik. Daar moet in gedagte gehou word dat sekere produkte miskien goed saam lyk, maar in die praktyk pas die produkte glad nie by mekaar nie, omdat die produkte se geure of tekstuur mekaar in 'n dis glad nie komplimenter nie. Dit sal dus onprakties wees om dit in 'n foto saam te plaas.

(Sien appendix vir voorbeelde)

~~~~~

## Spesifieke Vereistes

Die kos fotograaf kom voor baie uitdagings te staan. Die meeste kos fotograwe moet aan die kliënte se spesifieke vereistes voldoen. Die fotograaf word wel 'n mate van vryheid toegelaat, maar binne die spesifikasies van die kliënt.

Sommige kliënte sal byvoorbeeld wil hê dat daar net rooi, groen en wit binne die beeld gebruik moet word of dat slegs sekere produkte gebruik mag word en ander nie. Dus moet die kos fotograaf binne hierdie spesifikasies te werk gaan.

Stil lewe fotograwe moet nie net georganiseerd en tegnies bekwaam wees nie, maar moet ook kreatief wees.

Sodoende sal hulle enige spesifikasies van hulle kliënte kan hanteer.

(Joel; 1990: 48)

~~~~~

Vooraf Beplanning

Dit is baie belangrik dat die kos fotograaf, voordat hy in die ateljee ingaan, goed voorberei is.

Dit is baie goed as die fotograaf 'n beeld in sy kop het voordat hy begin met die beeld sodat hy iets het waarop gewerk kan word.

Baie fotograwe verkies om vooraf 'n skets te teken waarvolgens hulle werk. Dit is baie belangrik dat die fotograaf baie goed voorbereid is, sodat die fotograaf enige probleme kan oplos wat dalk mag opduik. Daar moet dus vooraf gedink word wat presies gedoen moet word.

Beplanning en organisering is baie belangrik vir enige kos fotograaf.

~~~~~

## Toetsing Vooraf

Vooraf toetsing is baie belangrik vir enige kos fotograaf, om sodoende die beligting en komposisie van die eindresultaat te kan bepaal.

Dit word gedoen deur gebruik te maak van swart en wit polaroid film. Die fotograaf kan dan na die foto kyk en vasstel of die beligting sowel as die komposisie reg is en of daar veranderings aangebring moet word.

Dit verseker dat die eindproduk 'n goed deurdinkte foto is wat van baie goeie kwaliteit spreek.

~~~~~


Skep van Atmosfeer

As atmosfeer geskep wil word, moet daar 'n goeie kennis van tekstuur, sowel as beligting aan die dag gelê word. Beligting is seker een van die belangrikste aspekte by die skep van atmosfeer.

Die fotograaf Seth Joel het voor 'n uitdaging te staan gekom, deurdat hy vir *Romance Today*, 'n tydskrif, 'n sop advertensie moes doen. Hy beveel aan dat daar baie nou saamgewerk moet word met die kuns regiseur en styleerders, sodat die presiese atmosfeer geskep kan word. Daar is altyd sekere vereistes waaraan voldoen moet word.

Van die eerste vereistes wat in ag geneem moet word is watter atmosfeer geskep wil word. Byvoorbeeld, wil daar 'n formele, informele, klassieke, stylvolle, moderne, warm of koue atmosfeer geskep word. Daarna moet alles rondom dit beplan word, soos watter "props" gebruik moet word om hierdie doel te bereik. Die beligting, die kleur, tekstuur ensovoorts volg hierna.

As daar gekyk word na die voorbeeld van Seth Joel se foto, word daar waargeneem dat hy vir 'n warm, klassieke gevoel gegaan het.

Die plasing van die brood, sowel as die asyn en olie is om die komposisie sowel as die beeld sterker te maak. Dit is ook ten doel om te garner, en die finale produk beter te laat vertoon.

Die beligting was die deurslaggewende skepper van atmosfeer. Die sterk, direkte lig van voor af het veroorsaak dat daar 'n skaduwee in die agtergrond ontstaan het. Die "soft box" bo-oor het slegs lig verskaf om die voorgrond en sop beter te belig.

Atmosfeer kan 'n foto kan positief of negatief beïnvloed. Deur die verkeerde atmosfeer by die verkeerde voedsel te plaas kan baie skade aan die finale beeld aanrig.

(Appendix: voorbeeld van foto)

~~~~~

## Lig en Omgewing

Die gebruik van natuurlike lig in 'n foto is 'n moeilike vorm van beligting, maar tog kan dit van die mooiste foto's weergee.

Dit is as gevolg van die feit dat dit baie atmosferies kan wees indien dit reg gebruik kan word. Dit word gedoen deur drie dae aaneenlopend lig dop te hou, om sodoende die regte tyd vir beligting vas te stel. Die ideale tyd om kos te fotografeer sal in die vroegoggend of laatmiddag wees.

Faktore soos die weersomstandighede moet in gedagte gehou word, want dit kan die foto se beligting benadeel, soos byvoorbeeld wind, wolke of reën.

Dit is hierom dat tyd 'n baie belangrike faktor is in die fotografering van natuurlike lig. Die omgewing waarin gefotografeer word moet ook in ag geneem word, sodat die omgewing die kos wat fotografeer word kan komplimenteer.

Daar moet ook opgelet word dat daar nie versteuring in die agtergrond is wat die beeld negatief beïnvloed nie.


~~~~~

SAMPIONE



THIS BOOK IS
THE PROPERTY
OF THE
- 11 11 2014
TECHNIKON
FREE STATE

SAMPIOENE



SAMPIOENE

Die sampioene idee is gevorm rondom herfs as tema. Die kleure speel 'n baie belangrike rol sowel as die tekstuur.

Atmosfeer van eenheid, kleur en afgesonderheid. Die atmosfeer is warm, laatmiddag, in 'n bos.

Die atmosfeer is verkry deur gebruik te maak van 'n geel gel wat redelik ver weg van die voorwerp geplaas is, om sodoende te verhoed dat die film nie te veel geel registreer nie, omdat die film meer sensitief is as die blote oog.

Teksture van die growwe hout, die bruin papiersak en gedroogte blare komplimenteer mekaar en dus stel dit die kleur van die sampioene op die voorgrond en vorm dit die fokuspunt in die beeld.


Die 4 x 5 formaat kamera was die beste keuse om die beste kwaliteit te verkry. Die lengte van die lens, 240mm, is gekies om 'n beperkte hoek te verkry en die fokus area te verskerp. Die sluiterspoed 1/125 sekondes wat gekies is, is gevind dat dit die beste is en dat die meeste van die beelde in hierdie skripsie op 1/125 sekondes afgeneem is. As gevolg van hierdie keuse was die f-stop gesit op f22, nadat die liglesing gedoen is, maar daar moes gekompenseer word vir die verlies van lig in die "bellows" waarna die f-stop verander is na f16.

Daar is van minimum beligting gebruik gemaak om sodoende die beeld eenvoudig te hou. Beligting is gedoen met behulp van 'n "soft box" en 'n "snoot" met 'n "modeling lamp" voor die geel gel 'n hele ent ver.



Die beeld was suksesvol, omdat dit wat beoog is wel verkry is.

~~~~~

## PAASEIERS



## PAASEIERS



## PAASEIERS

Die paaseier idee is gevorm om 'n ryk, duur en weelderige tema uit te beeld. Dit is 'n kommersiële beeld vir Paasfees.

Die atmosfeer wat ek wou skep is klassiek en stylvol. Die goud en wynrooi dra by tot die weelderige gevoel.

Die tekstuur van die wit bord en goud met wynrooi lap is fyn, daar is geen growwe tekture nie en dus vorm dit 'n eenheid. Die donkerbruin van die paaseiers en die donker skaduwees skakel so goed by mekaar in, sodat daar 'n eenheid gevorm kan word. Weereens is die 4 x 5 formaat kamera gebruik om die kwaliteit van die foto te bevorder en die beste komposisie te verkry.

Die lengte van die lens wat gebruik is, is 240mm om die beste hoek te verkry, en om so naby moontlik en deel van die beeld te kan wees. Die sluiterspoed van 1/125 sekondes het tot gevolg dat die liglesing lees f22, maar as gevolg van die "bellows" en kompensasie is die f-stop f16.

Die beligting wat gekies is, was met die doel om so ryk en aanloklik moontlik te maak.

Daar moet altyd in gedagte gehou word dat 'n beeld nooit oor belig word nie, dit moet net die voedsel komplimenter, nie oorheers nie.

Die beligting was gedoen met behulp van twee "soft boxes" en 'n "snoot". Die "snoot" is gebruik om die paaseier uit te lig, sodat die paaseier se naam nie verlore raak nie.


Die beeld was suksesvol, omdat dit wat beoog is suksesvol verkry is.

~~~~~


YSTEE



YSTEE



35 mm camera

YSTEE

Die idee was koel en verfrissend gewees, met 'n gevoel van somer en hitte, sowel as die mooi kleure wat saam met die somer gaan.

Hierdie beeld is in natuurlike lig afgeneem, om sodoende 'n gevoel vna eenheid te skep. Die gebruik van die kleure, oranje, geel, groen, bruin, wit ensovoorts is alles natuurlike kleure wat alles in die somer voorkom. Die waterdruppel beeld die hitte sowel as die afkoelende effek van die tee uit.

Die atmosfeer moes warm en vrolik wees, daarom is daar besluit om laatmiddag die foto te neem. Die gebruik van die 35mm kamera was omdat dit baie geriefliker is om te hanteer en omdat daar baie meer hoeke is waaruit geneem kan word. Die lens grootte het verskil van 50mm tot 70mm lens. Daar was ook wisseling in die sluiterspoed van 1/125 tot 1/60 van 'n sekonde op f11, f8 en f22.

Daar was geen ander film keuse as Agfa Ultra 50 ASA nie. Dit is 'n baie goeie daglig film vir landskappe en stil lewes.

Die beligting was slegs natuurlike lig en daar was geen byvoeging van enige ander lig nie.

Die beeld is meer suksesvol as wat verwag is.

~~~~~

## TAMATIES



## TAMATIES

Hierdie beeld is grotendeels gebou rondom die idee van die bruin papier as agtergrond. Die tekstuur van die bruin papier wat opgevrommel is, het die begin punt van die beeld geword. Daar is toe rondom die bruin papier gebou. Die tamaties se kleur het 'n mooi voorgrond kleur geword en ook die fokuspunt van die beeld, maar saam met die wit bord.

Daar was nog steeds iets wat ontbreek het en die byvoeging van die sprietuie, het die beeld mooi afgerond en die kleur van die tamaties laat uitstaan.

Die tekstuur in die beeld was fyn en medium teksture. Daar was geen groot sprong in tekstuur verskille nie en die bruin papier, tamaties en sprietuie was 'n goeie kombinasie.

In hierdie beeld het dit grotendeels gegaan oor tekstuur en kleur - die atmosfeer was hier nie so belangrik nie, maar die atmosfeer wat wel geskep is, is romanties en warm.

Die 4 x 5 formaat kamera was die beste keuse, sodat daar baie tyd gespandeer kon word aan die komposisie en beligting. Die lens was 'n 127mm lens. Hierdie lens was gekies om sodoende 'n wyer hoek te gee sodat daar meer van die bruin papier gesien kan word. Die sluiterspoed was 1/125 sekondes. Nadat "bellows compensation" gedoen is, is die f-stop gestel op f16.

Daar was van baie min beligting gebruik gemaak, om sodoende 'n romantiese atmosfeer te skep. Die een "standard head" was gebruik en om meer effek te verkry, was dit agter 'n "diffuser" geplaas (perspex). Daar was ook van 'n "soft box" gebruik gemaak.



Die beeld was nie so suksesvol as wat gehoop is nie, maar die resultate is ook nie onaanvaarbaar nie.

~~~~~

KAAS EN WYN



KAAS EN WYN



KAAS EN WYN

Die idee was om 'n romantiese Italiaanse gevoel te kry van vrugbaarheid en plesier.

Die kleure is gekies om skakerings van groen te gee, maar daar is ook van 'n oranje gel gebruik gemaak om sodoende 'n afwisseling te gee en om 'n bietjie hitte in die beeld in te bring.

Die geroeste plant vorm 'n neutrale kleur, dus vorm dit 'n eenheid met die beeld en word die kaas, wyn en druiweblare die fokuspunt van die foto. Die doel was om die teksture van die kaas te laat uitstaan, daarom is daar van baie min diepte van veld gebruik gemaak om sodoende die tekstuur te kon vasvang.

Weereens moet daar nie te veel belig word nie, sodat dit die atmosfeer wat reeds geskep is, komplimenter en nie afbreek nie. Daar is gebruik gemaak van 'n "soft box" en 'n "spot" met die oranje gel oor die "standard head". Die lens was 'n 240mm lens, wat 'n beperkte hoek gee, sodat daar meer beheer uitgeoefen kan word. Die sluiterspoed was 1/125 sekondes en nadat die liglesing en "bellows compensation" toegepas is, was die f-stop op f11.

Die beeld was suksesvol, omdat dit wat beoog is wel suksesvol verkry is.

~~~~~





PERE



THIS BOOK IS  
THE PROPERTY  
OF THE  
- 11 11 2004  
TECHNIKON  
FREE STATE

## PERE



## PERE

Die idee met hierdie beeld was om met kleur te eksperimenteer, sowel as om iets anders te probeer en bietjie weg te breek van die gewone beeld.

Die peer is vooraf gekook in 'n rooiwyn en gemmer stroop, maar die peer moes sy vorm behou het, dus is dit baie fyn dopgehou. Dit is hier waar met die kleur gespeel is. Die geel van die suurlemoene, die geelgroen van die pere, sowel as die blou van die bord en die groenblou van die agtergrond, vorm 'n eenheid wat 'n visuele sensasie word. Die fokus voor op die peer, sodat die res stadig uit fokus gaan, laat die oog geleidelik in die beeld in beweeg. Dit is 'n rustige beeld, maar tog 'n opwindende gebruik van kleur. Die lyne van die agtergrond vat ook die oog na binne en word die kyker deel van die beeld.

Die lens wat gebruik is, is 'n 240mm lens en die sluiterspoed was gestel op 1/125 sekondes. Nadat "bellows compensation" toegepas is, is die f-stop gestel op  $f22 \frac{1}{2}$ .

Daar was slegs een "soft box" gebruik om die beeld te belig. Die sagte lig komplimenteer die beeld, want as die lig te skerp was sou baie van die gevoel van die foto verlore gegaan het.

Die foto se eindresultaat was suksesvol, want die beoogde doel is bereik.

~~~~~

DRUIWE EN SUURLEMOEN



DRUIWE EN SUURLEMOEN



DRUIWE EN SUURLEMOEN

Die inspirasie van hierdie beeld was verkry deur die kleure van herfs te sien en te sien dat die kleure uitsonderlik en ryk was.

Die geel van die suurlemoen, die geelbruin van die herfsblare, die son wat 'n goue kleur gee (laatmiddag - son was besig om onder te gaan) het 'n ryk en warm atmosfeer geskep. Die waterdruppels op die druiwe gee 'n afkoelende effek sowel as vars en sappig. Die kleure komplimenteer mekaar en vorm 'n eenheid.

Daar was slegs van natuurlike lig gebruik gemaak. Die keuse van die Agfa Ultra 50 ASA film was gemaak, omdat dit 'n baie stadige film is en daarom baie fyn kwaliteit optel sowel as uitsonderlike kleure gee. Die 35mm kamera is gebruik omdat dit 'n wye verskeidenheid van hoeke het.

Die lens wat gebruik was, was 'n 70mm lens met die sluiterspoed op 1/60 sekonde; 1/125 sekondes en 1/250 sekondes. Die f-stop was gestel op f8 om sodoende min diepte van veld te kry.

Die eindresultaat was suksesvol.

~~~~~

## HEUNING EN SUURLEMOEN



## HEUNING EN SUURLEMOEN

Die idee van die beeld was kleur, sowel as vorm. Die bruin, geel rooi - oranje was 'n baie goeie kombinasie van kleure. Die herhaling van vorm wat ook in die beeld voorkom, vorm 'n eenheid. Die herhaling van die sirkelvormige tafel, glas bakkie en suurlemoen.

Die 35mm kamera is gebruik saam met 'n 50mm lens, omdat dit gemakliker in natuurlike omstandighede afneem. Daar is slegs van natuurlike beligting gebruik gemaak. Die beeld is afgeneem in die laatmiddag. Die sluiterspoed het gewissel van 1/125 sekondes, 1/60 sekondes en 1/250 sekondes en die f-stop het gewissel tussen f8 en f5.6.

Die film wat gebruik is, is Agfa Ultra 50 ASA, wat 'n baie hoë kleur en beeld kwaliteit het.


Die beeld was redelik suksesvol.

~~~~~


BROKKOLIE EN KNOFFEL



BROKKOLIE EN KNOFFEL



BROKKOLIE EN KNOFFEL

Die idee was om die kombinasie van knoffel en brokkolie uit te beeld. Die verandering in tekstuur sowel as kleur.

Die gebruik van die klip in die agtergrond gee 'n aardse gevoel aan die beeld en bring ook die kleur van die knoffel na die voorgrond. Die brokkolie vorm die teenstelling in kleur. Die twee kleure komplimenteer mekaar en vorm 'n eenheid.

Die waterdruppel bring die varsheid van die produk na vore.

Die beligting was slegs 'n "spot light" wat gebruik is om al die donker areas te belig sodat die waterdruppel gesien kan word. Daar is ook van 'n "standard head" agter 'n perspex "diffuser" gebruik gemaak om sodoende die beligting sagter te maak. Die atmosfeer moes aards en eenvoudig wees.


Die 4 x 5 kamera was gebruik om die kwaliteit te verbeter en om meer "detail" op te tel.

Die lens wat gebruik was, is die 240mm lens en die sluiterspoed was op 1/125 sekondes. Nadat "bellows compensation" toegepas is, is die f-stop gestel op f16 of f16 ½.


Die beeld was redelik suksesvol, behalwe dat dit effens te donker is.

~~~~~

## TAMATIE EN STROOI



## TAMATIE EN STROOI



## TAMATIE EN STROOI

Die idee was om 'n vars plaasgevoel te skep, daarom is daar gebruik gemaak van strooi, erdeware en 'n hout plank.

Die kontras tussen die rooi, wit, geel en bruin strooi vorm 'n eenheid van kleur. Die tekstuur van die tamaties en die erde vorm 'n teenstelling met die tekstuur van die strooi. Daar is ook gepoog om die beste kwaliteit produkte te gebruik (geen kneusplekke, ensovoorts). Die beeld moes eenvoudig wees om te pas by die atmosfeer van plaas en eenvoud.

Die beligting wat gebruik is, moes die atmosfeer komplimenter en nie oorheers nie. Dus is daar slegs gebruik gemaak van een "soft box" en so is die atmosfeer rustig en sag te hou. Daar is ook van 'n "spot light" gebruik gemaak om die tamaties mooi rooi en glansend te laat lyk.

Die 4 x 5 kamera is gebruik om die gehalte en kwaliteit van die beeld te verbeter. Die lens wat gebruik is, was 'n 240mm lens, sodat die hoek makliker beheer kon word. Die sluiterspoed was 1/125 sekondes en nadat "bellows compensation" toegepas is, was die f-stop gestel op f16 of f11 $\frac{3}{4}$ .

Die diepte van veld was nogal redelik beperk.

Die resultaat was suksesvol, aangesien die doel wat gestel is bereik is.

~~~~~

BLOU BAKKIE EN TAMATIESOP



THIS BOOK IS
THE PROPERTY
OF THE
- J. L. B. 2004
TECHNIKON
FREE STATE

BLOU BAKKIE EN TAMATIESOP



BLOU BAKKIE EN TAMATIESOP

Die idee was om kleur en hitte in die winter in te bring en die winter lewe te gee. Dit wil sê, as die winter dood is beteken dit nie dat ons kos hoef voor te sit wat ook dood lyk nie.

Die kleure wat wissel van helder oranje, groen, geel na dowwe bruin vorm 'n eenheid en skakel alles baie mooi in mekaar om 'n harmonie te vorm.

Die atmosfeer is feestelik en vrolik en die kleure staan uit. Dit is as gevolg van die Agfa Ultra 50 ASA film wat gebruik is. Die 35mm kamera is gebruik omdat dit baie gemaklik in die buitelug gebruik word. Die lens wat gebruik is, is die 70mm lens en die sluiterspoed was gestel op 1/125 sekondes, 1/60 sekondes en 1/250 sekondes en die f-stop het gewissel van f8, f5.6 en f11 om sodoende 'n beperkte diepte van veld te kry.


Die beeld was suksesvol.

~~~~~

## MURGPAMPOENTJIES



## MURGPAMPOENTJIES



## MURGPAMPOENTJIES

Die idee met hierdie beeld was om die eenvoud en kleur van die murgpampoentjies weer te gee.

Die agtergrond is gekies om sodoende te keer dat die aandag weg getrek word van die produk, maar tog ook die aardsheid uit te bring en die produk te komplimenteer. Die rafia wat gebruik is, was om 'n eenheid te vorm anders sou die beeld baie oop gewees het. Dit maak ook die beeld interessant en gee ook 'n mate van beweging aan die beeld, die oog beweeg dus die hele beeld vol en konsentreer nie net op een area nie.

Daar is 'n minimum beligting gebruik om sodoende met skaduwee 'n atmosfeer van rustigheid te skep. Slegs een "soft box" is gebruik.

Die film wat gebruik was, is Agfa 100 ASA, die kamera was die 4 x 5 kamera om die beste kwaliteit te verkry. Die lens was 'n 240mm lens, om diepte van veld te beheer en sodoende die agtergrond so min steurend as moontlik te maak. Die sluiterspoed was 1/125 sekondes en nadat die liglesing geneem is en "bellows compensation" gedoen is, is die f-stop gestel op f22 of f16½.

~~~~~


KLEURVOLLE SLAAI



843426

TECHNIKON
VRYSTAAT/FREE STATE
10 MAR 1999
PRIVAATSAK X20539
PRIVATE BAG
BLOEMFONTEIN

KLEURVOLLE SLAAI



KLEURVOLLE SLAAI

Die idee met die beeld was om 'n Italiaanse gevoel te skep van eenvoud en kleur, sowel as somer.

Die agtergrond is helder en eenvoudig en komplimenter die kleure van die slaai in die wit bord. Alles is in fokus sodat die hele beeld 'n eenheid vorm en alles dus in 'n geheel gesien word. Daar is slegs van een "soft box" gebruik gemaak om die beeld eenvoudig te hou.

Die film wat gebruik is, is Agfa 100 ASA film en die 4 x 5 kamera is gebruik om die beste kwaliteit te verkry. Die lens wat gebruik is, is 'n 240mm lens en die sluiterspoed was gestel op 1/125 sekondes. Nadat die liglesing geneem is en "bellows compensation" toegepas is, is die f-stop op f32 of f22½ gestel.

Die beeld is suksesvol.

~~~~~

## AARBEI EN KIWIVRUG





## AARBEI EN KIWIVRUG



## AARBEI EN KIWIVRUG

Die idee met hierdie beeld was dat kleur die hoofrol moes speel. Die rooi, groen en wit vorm 'n eenheid.

Die atmosfeer moes romanties en warm wees en die gebruik van die sjokolade het 'n fokus punt in die foto geword waarom die beeld uiteindelik gebou is.

Die film wat gebruik is, was Agfa Ultra 50 ASA film. Die film is stadig en die kleur en kwaliteit van die foto is dus baie verbeter. 'n 35mm Kamera is gebruik, omdat dit maklik in die buitelug gebruik kan word en die lens wat gebruik is die 70mm lens. Die sluiterspoed was op 1/125 sekondes, 1/60 sekondes en 1/250 sekondes. Die f-stop het gewissel van f8, f5.6 en f11 om sodoende diepte van veld te beheer.

Die beeld was baie suksesvol.

~~~~~

BIBLIOGRAFIE

- Hedgecoe J. 1976. New Book of Photography. New York: Dorling Kindersley.
- Joel Seth. 1990. Photographing Still Life. New York: Ampole - An Imprint of Watson - Guptill Publications.
- Hicks R, Schultz F. Food Shots. New York: Watson - Guptill.
- Karl Adamson et. al. 1997. Foods that Harm Foods that Heal. Cape Town: Reader's Digest.
- Debbie - Lee Kelly. May 1998. Your Family. Johannesburg, Durban, Cape Town.
- Patti Garlick. August 1998. Food and Home. Johannesburg, Durban, Cape Town.
- Paul Duncan. August 1998. Condé Nast House and Garden South Africa. Cape Town, Johannesburg.

~~~~~

## APPENDIX

## APPENDIX

# Robert Dodds Photography

Tasty Images of Food



## APPENDIX

From: Robert Dodds [doddsphoto@earthlink.net](mailto:doddsphoto@earthlink.net)  
To: [watti@mweb.co.za](mailto:watti@mweb.co.za)  
Subject: Re Food Photography  
Date: Monday, May 11, 1998 10:49

Dear Sylvia

O.K. so here are my secrets. Although I have tons of equipment, I almost always shoot 4x5 (view camera) with tungsten light and FUJI RTP ASA 64. Strobe is more difficult to control in a tiny area like a plate or table setting. I use strobe for ice cream. For most things I use one 1000 watt "baby" (tungsten) with a very light diffusion, like what we call # 114 and sometimes I use light tough frost instead. I always use a gold gel on the light. Roscoe Gold. Food should be warm and inviting. I sometimes use an 18x24 "cello cookie" a cello cookie is a cucaloris like a wooden cucaloris, only it is made out of screen and painted with clear Varithane (a shellac product) and then burned out in spots with a blow torch. I put this in front of the light near the food and get a dapple effect which is very subtle. Opposite the light I use white cards and occasionally put Roscoe Gold on the cards so that the bounce will be the same temp as the light, especially if I am doing very warm afternoon light with 2 layers of gold. I never light overhead. I always light things to create shadows which creates depth... however...

Printing is always a disappointment. The worse the paper the greater the disappointment. The more fill you have the flatter the image become, but you need this to keep the shadows from becoming a big ward of ink. You really have to have lots of fill of newspapers, less for magazines and food boxes. If you know where the image is going you can plan your fill. If you ever get to shoot tv commercials on film you'll see that you need very little fill. I always use a food stylist, sometimes two.

You need to be organized and shoot fast.

Good luck! (you need to work on your return address)

Questions & comments??

Robert Dodds  
Robert Dodds Photography  
7801 Beverly Blvd.  
Los Angeles, CA 90036  
213-954-0700 fax 213-934-5822  
[doddsphoto@earthlink.net](mailto:doddsphoto@earthlink.net)  
<http://www.thedesktop.com/foodshow/>



## PRODUKTE

FOTO: John Hedgecoe



## NATUURLIKE LIG EN OMGEWING

FOTO: Seth Joel





## NATUURLIKE LIG EN OMGEWING

FOTO: John Hedgecoe



## NATUURLIKE LIG EN OMGEWING



## SKEPPING VAN ATMOSFEER

FOTO: Seth Joel

